



KONGRES 2014

“Saam is ons sterker”

10 September 2014

Presidentsrede

Mnr. Louis Meintjes – President

“(The) commando marched further in the direction of Moshesh’s town. On the way, near the Katskatsberg, we came upon a strong Kaffir force of 20 000 men...

We held a council of war in which it was decided that the burghers of the Transvaal should receive farms in the territory which was now about to be freed of the enemy and hold them under the laws of the Orange Free State. The Government of the Free State was informed of this resolution.

An attack was made on the Malap Mountains and met with perfect success. The enemy was driven off, a large number of his men killed and wounded and the quantity of cattle captured...

We encountered no less than 8 000 head (of cattle). The Kaffirs made their way back to the town, pursued by our men, and, after some more fighting, we managed to capture 30 000 more sheep, 8 000 oxen and a few hundred horses.”

Hierdie aanhaling kom uit die Departement van Landelike ontwikkeling se “Land Tenure Summit Document” vir die konferensie wat vroeër hierdie maand op 4 – 6 September plaasgevind het. Dit is duidelik dat aanhalings uit verband aangehaal word en misbruik word om die ANC saak te bevorder en te regverdig.

As ons na die geskiedenis kyk soos opgeteken sien ons dat Koning Moshoeshoe oorlog gemaak het met almal om homself te verryk, en sou mens dan ook verwag dat die Boere hulle sou verdedig en dat hulle ook dit wat aan hulle behoort beskerm en terugneem dit wat van hulle afgevat is.

Die geskiedenis vertel verder ook dat Shaka van die Zulu's ook die Basoeto stamme aangeval het en dat hulle hul grondgebied verlaat het om van die Zulu's weg te kom.

Hoekom word dit nie deel van die regverdiging van grondeise nie? Ons verstaan dat die Zulu's baie grond gaan eis en reeds die grootse grondeienaar in KwaZulu-Natal is. Sekerlik kan van die stamme wat tydens die Mfecane stryd hulle grond verloor het eise teen die Zulu's insit. Daar word beraam dat tot 2 miljoen mense in die tyd gesterf het.

Is dit nie ook deel van Suid-Afrika se geskiedenis nie? Hoekom word die Afrikaner of boer uitgesonder?

Ons sal altyd die wreedhede teenoor ons mense onthou. Die Bloukrans moorde en Piet Retief se moord.

Ons moet ook kennis neem van die volgende aanhalings uit die dokument:

“Past tenure reform legislation has failed to hold the worker-dweller responsible for their role in ensuring that their right of tenure to the land is earned; and, could be systematically defended...”

“Additionally, these laws did not recognize the farm-worker's cumulative rights, particularly the contribution made to the development of the farm”

As die argument op die werkers van toepassing is, is dit des te meer op die boer van toepassing.

As daar nie boere was nie was daar ook nie werkers nie.


Dit is 'n tipiese argument van die ANC waar landbou uitgesonder word en daar reëls is wat eksklusief op Landbou toegepas word.

Hoekom geld dieselfde argument nie ook vir die ander bedrywe nie?

Ek maak die stelling:

Ons kan die ANC vertrou: Hy doen wat hy sê.

Ons moet ook verstaan hoe die land se politiek werk.



As u gedink het dat ons in 'n demokratiese bestel leef het u 'n fout gemaak.

Ons moet beseft dat Luthuli Huis in beheer is van die land en dat die eintlike regeerder van die land Gwede Matashe, die Sekretaris Generaal van die ANC, met sy uitvoerende komitee is.

Die Freedom Charter is die dokument wat beleid bepaal en wat in die Nasionale Demokratiese Revolusie (N.D.R.) en die Strategy and Tactics beleidsdokumente beslag kry.

Die Ministers word deur Luthuli Huis beheer en bestuur en word gebruik om klimaat te toets. Hulle is blote pionne van die ANC en moet president Zuma se belange en kaskenades beskerm.

Ook die Grondwet gee uitvoering aan die Freedom Charter, N.D.R. en Strategy and Tactics

Wat sê die Freedom Charter:

The Land Shall be Shared Among Those Who Work It.

- Restrictions of land ownership on a racial basis shall be ended, and all the land re-divided amongst those who work it to banish famine and land hunger;
- The state shall help the peasants with implements, seed, tractors and dams to save the soil and assist the tillers;
- Freedom of movement shall be guaranteed to all who work on the land;
- All shall have the right to occupy land wherever they choose;

Nasionaal Demokratiese Rewolusie (ANC Strategy and Tactics 2012)

- A process of struggle that seeks to transfer power to the people and transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one, and changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people.

Hoe ondersteun ons Grondwet dit?

- Art 25. (1) Niemand mag eiendom ontnem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.
- Art 25 (2) - Eiendom mag slegs ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif onteien word—
- (a) vir 'n openbare doel of in die openbare belang; en
- (b) onderworpe aan vergoeding waarvan die bedrag en die tyd en wyse van betaling óf deur diegene wat geraak word aanvaar is óf deur 'n hof bepaal of goedgekeur is.

Dit is duidelik uit die aanhalings dat alles wat gedoen en gesê word ter ondersteuning is en uitvoering gee aan die ANC se beleid.

Die wetgewing wat aan die Grondwet se bepalings gestalte gee, is ook reeds daar:

1. Die Wetsontwerp op Onteining.
2. Die Wetsontwerp op die Bevordering en beskerming van beleggings.
3. Wet op Ruimtelike beplanning en Grondgebruik.
4. Wet op Eiendomswaardasie.
5. Wetsontwerp op Grondregte.
6. Wetsontwerp op die Grondbestuurkommissie.
7. Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van verblyf.
8. Wetsontwerp op Plaaslike Regering : Munisipale Eiendomsbelasting.
9. Wetsontwerp op Infrastruktuurontwikkeling.
10. Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging.
11. Wetsontwerp op die Regspraktyk.
12. Arbeidswetgewing.
13. Nasionale Waterwet.
14. Minerale en petroleum Hulpbronne Ontwikkelingswet.
15. Grondhervorming: Groenskrif en beleid.

Die minister het verlede week 'n spitsberaad belê waartydens meer as 2,000 afgevaardigdes besin het oor verblyfreg op kommersiële plase en in kommunale gebiede, die funksionering van gemeenskapseiendomsverenigings en grondplafonne. Ofskoon die voorlopige kommentare daarop dui dat daar weggedoen word met die 50 / 50 verdeling van landbougrond tussen die eienaar en die plaaswerkers, is daar tot op hierdie stadium geen klinkklare aanduiding welke ander opsies of konsepte dalk deur die owerheid ter tafel gelê kan word. Wat egter duidelik is dat die aanspraak op verblyfreg en grondbesit nie noodwendig sinoniem is nie. Daar kan egter nog baie water in die see loop tussen vandag en April 2015 wanneer die minister 'n spertyd vir die indiening van voorstelle verklaar het.

Ons moet egter kennis neem van ander voorstelle wat ook deur sommige organisasies en instansies ondersteun word. Dit hou verband met Nasionale Ontwikkelingsplan se voorstel dat 20% van die grond in 'n distrik deur 'n Grondkomitee geïdentifiseer moet word. Die Staat staan in vir 50% van die koste en die plaaslike boere moet die ander 50% betaal.

Benewens die grondeise kom hier nog 'n 20% van landbougrond ter sprake wat oorgedra moet word.

TLU SA kan ook nie die voorstel ondersteun nie. Het u al gedink wie gaan op so 'n komitee sit, wie se grond gaan uitgekies word en wat se onrus dit in die gemeenskap gaan veroorsaak.

Ek vra weer waar stop dit?

Myns insiens is die grondkwessie 'n nasionale aangeleentheid en die verwagting dat 'n handjievul boere in die nasionale belang die prys namens almal moet betaal, is onaanvaarbaar.

Die ANC regeer en is dit sekerlik hulle voorreg om beleid te implementeer, maar die implimentering van die gepaardgaande ideologie asof dit summier op almal van toepassing gemaak en afgedwing word, blyk tot nadeel van minderhede en die stilswyendes te wees. Die beleid sal op geen wyse die ekonomiese toets slaag nie, en daarom kan daar nie maar goedsmoeds saam met die stroom beweeg word nie.

Ek moet net 'n oomblik stilstaan by een van die gevolge van die oopstel van grondeise.

Na raming gaan daar ongeveer 380 000 eise ingedien word. Dit is onbekend hoeveel ha dit gaan wees. Volgens die ANC sal dit R179 miljard kos om die eise af te handel. Daar is slegs R3 miljard begroot vir die volgende twee jaar. Op 'n vraag waar die geld vandaan gaan kom is ons meegedeel om nie daaroor te bekommer nie.

As ons teruggaan na die klousules in die Grondwet oor ontneming, kan ons nie anders as om dit as oplossing vir die ANC se planne te sien nie.

Die betrokke Minister bevestig dat geen grondgevat sal word sonder vergoeding nie. Ons bevestig dat ons vergoeding verwag teen die markwaarde van ons eiendom.

Die hele grondeiseproses het ook 'n ander dimensie en het die potensiaal om nie net voedselsekerheid en voedselsoewereiniteit in gedrang te bring nie. Die ekonomiese volhoubaarheid van plaaslike regering is ernstig in gedrang.

Die Munisipale Grondbelasting Wet bepaal dat 'n grondeise begunstigde vir 10 jaar vrygestel word van grondbelasting. Sou die klousule toegepas word op die beraamde waarde van die grond wat geëis word sal die belasting wat die plaaslike owerhede gaan verloor R4,6 miljard rand per jaar bereken op Tshwane se tariewe vir residensiële eiendom.

Die realiteit is dat die eiendom uit produksie gaan en bloot vir residensiële doeleindes gebruik word. Die ander waarheid is dat die ANC nie eienaarskap oordra aan die eiser nie. Wie moet dan die grondbelasting betaal? Sekerlik is die staat daarvoor verantwoordelik en sal die koste op die ou einde uit die belastingbetaler se sak kom.

Landbou het gehelp om die platteland te ontwikkel t.o.v. van infrastruktuur en in besonder elektrisiteit voorsiening. Gaan die eisers die kragpunte in standhou en betaal. Sou dit nie gedoen word nie, gaan ESKOM ook 'n groot verlies aan inkomste hê.

Ek moet nou my stelling oor die ANC verander:

Ons moet die ANC vertrou en aanvaar dat hy uitvoering gee aan die Freedom Charter, NDR en sy Strategy and Tactics dokumente.

As ons na die geskiedenis kyk, die Vryheidsmanifes en N.D.R. van die ANC saamgelees met die Grondwet en ondersteunende wette, regulasies en beleide wat in plek kom en nog beplan word, weet ons die ANC is besig om 'n sosialistiese staat te vestig, landbou te vernietig en sy inwoners te onderwerp en afhanklik te maak.

40% van die ANC parlamentslede is kommuniste. Ons kan na die geskiedenis gaan kyk in Rusland en China wat die taktiek van die kommuniste is om Sosialisme te vestig. Duisende boere is vermoor en van hulle plase afgesit sodat die Staat die beheer kry oor kosvoorsiening.

My persoonlike mening is dat daar 'n verband is. Dit is wat die geskiedenis ons leer.

Hulle eerste teiken is landbou en voedselvoorsiening. As hulle kos en landbou beheer, beheer hulle die mense en daarom is landbou die eerste teiken en word daarop gefokus en dit uitgesonder.

Landbou is die sleutel tot 'n welvarende ekonomie. Ons lê in die eerste loopgraaf. As landbou val, val die res van ekonomie en eiendomsreg.

Hierdie is 'n Suid-Afrika-realiteit en is ander sektore van die ekonomie nie vrygestel van hierdie werklikheid nie. Is daar ander besighede wat ook bereid is om op te staan om vir die regte beginsels te veg en indien wel, wie is hulle?

Die ANC het 'n verwagting geskep en ons hoor gedurig dat ons 'n Zimbabwe situasie te wagte kan wees sou ons nie saamwerk en grond afstaan nie.

Dit het nodig geword dat ons ons standpunt duidelik stel op so 'n manier dat almal kan verstaan wat ons sê. Die probleem is dat politieke korrekte optrede nie noodwendig volhoubare produksie gaan veroorsaak nie, die antwoord lê daarin om ekonomies korrek te wees. Ons is daar om te verseker dat ons boere kan boer en kos produseer vir almal in Suid-Afrika en in Afrika. Ons wil 'n wins maak en ons mag wins maak.

Ons standpunt is:

1. TLU SA is nie daar om slaafs uitvoering aan die ANC beleid en projekte te gee nie. Sy lede se belange kom bo dié van enige politieke oogmerk van die regering.
2. Ons is nie verantwoordelik vir die gevolge van politieke beloftes van die ANC of enige ander party nie.
3. Ons het nie ons grond gesteel nie. Ons het daarvoor betaal en enige persoon wat die stelling maak dat ons die grond gesteel het, sal van *crimen injuria* aangekla word.

Landbou en boere is nie daar om uitsluitlik die las te dra van vorige Regerings se beleid en projekte nie. Ons is almal gelyk ingevolge die Grondwet en behoort ons gelyk behandel te word. Sou die druk op landbou volgehou word, behoort privaat huiseienaars en besighede dan ook 'n gedeelte van hul eiendom af te staan vir die ANC se grondeise. As 'n werker 'n deel van die plaas kan kry omdat hy 'n tyd daar gewerk het, behoort elke werker in die land geregtig te wees op 'n deel van die bates van die besighede. Dit geld ook vir staatsamptenare.

4. TLU SA bevestig dat privaat eiendomsreg die basis is van 'n gesonde ekonomie wat berus op die vryemark-beginsel.
5. Dit is onverantwoordelik van landboueiers om boere voor die keuse te stel van: Verloor jou grond deur plaasbesetting en 'n Zimbabwe situasie of gee 50 % (of vir die argument: enige ander persentasie) van jou grond vir die Regering se planne.
6. Boere is ook deur groot trauma as gevolg van onteiening deur die vorige regering vir die vestiging van die tuislande. TLU SA vra alle boere wat daardeur geraak was om eise in te dien ingevolge die nuwe wetgewing wat dit moontlik maak.
7. Weet ons wat die uiteinde van die ANC beleid is? Wat is die offer wat gemaak moet word? Is dit 10%, 20% of 100%. Van wat? Daar is geen duidelikheid oor wanneer dit gaan stop, of wat die einddoel is nie. Daarom is dit onverantwoordelik van enige persoon of Instansie om die ANC se planne te ondersteun met 'n blote stelling; "Ons

ondersteun die Regering se Grondhervormings plan, Swart Ekonomiese bemagtiging, of die Nasionale Ontwikkelings Plan". Weet u wat u ondersteun en waar dit gaan stop? Weet u wat die impak daarvan op die ekonomiese voortbestaan van landbou is?

8. Landbou het die potensiaal om werk te skep en 'n wesenlike impak te hê op werkloosheid. Arbeid op plase raak een van die grootste risiko's vir werkgewers en entrepreneurs en werk kan nie geskep word met huidige arbeidswette en verblyfreg wette wat 'n boer se risiko vergroot nie. Boere moet meganiseer en so min as moontlik arbeid op die plase laat bly. Indien daar arbeid op die plase bly moet die nodige ooreenkomste en kontrakte in plek wees. Arbeidswetgewing ontnem werksoekers die reg om te onderhandel en ooreen te kom oor vergoeding wat vir die werker aanvaarbaar is.
9. TLU SA sê daar is alternatiewe wat landbou sal laat lewe. Minister Nkwinti is telkens in die media met die stelling dat landbou nie kom met voorstelle nie. Ons bevestig dat ons reeds in 2005 'n voorstel op die tafel gesit het wat werkbaar is en sou die ANC dit toe al toegepas het, het hulle al hulle teikens al bereik. Ons is egter nie seker of enige van ons voorstelle werklik ernstig oorweeg word nie. Hoeveel voorstelle moet nog gemaak word vir die snippermandjie?
10. TLU SA wil graag 'n goeie verhouding hê met ons ministers en verwag 'n oop deur om sake van belang te bespreek. Ons standpunt is dat ons Minister van Landbou die sake wat landbou raak moet aanspreek en opneem met die ander ministers. Ons het ook onderneem om nie met mekaar deur die media te kommunikeer nie. Ons het ooreengekom dat ons ook sake wat vir ons van belang is en wat deel is van nie sy portefeulje is nie, na hom te stuur sodat hy ingelig sal wees en die saak van Landbou kan dra. Ons het ook ons voorstelle vir 'n volhoubare, groeiende landbousektor aan hom voorgelê. Ons kry geen reaksie nie. Ek bevestig dat ons dan deur die media met hom sal kommunikeer as hy ons saak ignoreer.

TLU SA se voorstel vir 'n volhoubare landbousektor is:

- a. Daar moet 'n grondoudit gedoen word.
- b. Die ANC moet sê wat die einddoel is en waar dit gaan stop.
- c. Privaat besitreg sonder enige beperkings as deel van die vryemarkstelsel.
- d. Staatsgrond behoort eerste geprivatiseer te word en titelaktes moet aan begunstigdes gegee word.
- e. Voormalige tuislande – gee grondgebruikers daar privaat besitreg.
- f. Grond wat in die mark beskikbaar raak (ongeveer 6% jaarliks) kan met reg van eerste weiering uitgekoopt word deur die staat.
- g. Keur potensiële boere.
- h. Toepaslike landbou-opleiding vir kandidate.
- i. Kundige konsultant/mentor vir 'n aantal jare (bv. 3 – 5 jaar).
- j. Sagte leningster ondersteuning.

- k. Na die ondersteuningstydperk moet die markkragbeginsel sukses bepaal.
- l. Onsuksesvol- grond terug in die mark, prysbepaling deur vraag en aanbod.
- m. Daar moet 'n son-sakklousule wees wanneer ons 'n normale vryemark ekonomie het sonder enige beperkings.

Ons het nuwe jong boere nodig in die bedryf. Daar moet 'n klimaat geskep word wat dit moontlik maak vir jong boere om tot die bedryf toe te tree.

Dit is duidelik dat ons boere onder groot druk is en dat hulle moedeloos is.

Is daar uitkoms en daar hoop?

Ek glo daar is, maar daar is voorwaardes.

Die sleutel is in saamwerk en saamstaan. Dit maak ons sterk!

TLU SA is reeds besig met 'n veldtog om ons boere en gemeenskappe in te lig oor ons standpunte. Daar is die afgelope drie maande meer as 50 vergaderings gehou om die boodskap oor te dra. Die ervaring is dat ons mense oningelig is en nie die ware toedrag van sake verstaan het nie. TLU SA se voorstelle vind byklank en word ondersteun.

Ons stel die volgende voor as teenvoeter en oplossing

1. Kommunikasie veldtog – Reeds in proses.
2. Bondgenote- Landboubesighede en belangegroep.
3. Internasionalisering.
4. Litigasie.

Daar rus egter ook 'n verantwoordelikheid op elke boer.

Ons hoop en uitkoms lê in betrokkenheid en samewerking

1. Wees ingelig.
2. Laat jou stem hoor.
3. U veiligheid is in u hande deur betrokkenheid by u plaaslike veiligheidstruktuur.
4. Ekonomie van skaal is 'n bedreiging. Dit is krities dat ons boere kyk na sindikasie en samewerking.
5. Bemark TLU SA as die organisasie wat staan vir die boer se regte.
6. Landbou is die sleutel vir 'n gesonde groeiende ekonomie.
7. Boere moet besluit vir watter beginsels staan hulle op en dan hul gewig gaan ingooi by daardie strukture wat daarvoor staan om saam daarvoor te beding.

Elke boer is Suid-Afrika verdien 'n toekening vir goeie diens onder uiters moeilike omstandighede asook hulle werk om kos te produseer vir almal in Suid-Afrika.

Gesprekke vind plaas agter die skerms met die groot boere van Suid-Afrika. Daar is egter wel ander organisasies en individue wat nie eers boer nie wat daarby betrek word. Ek vra die vraag of daar beding word vir hul (groot boere) eie voortbestaan en dat die medium en kleiner boere die teiken van die regering se grondhongerplanne gaan wees? Ek wonder of dit nie dalk nou tyd geword dat boere in Suid-Afrika 'n referendum moet hou oor die keuse vir die pad vorentoe nie?

Ons moet vashou aan ons geloof want dan is daar hoop.

Ons lees in Klaagliedere Hoofstuk 3 vanaf vers 21:

“Tog is daar een ding waarop ek altyd kan reken en waarop ek altyd kan hoop
Deur die Here se troue liefde is ons nie doodgemaak nie
Hy hou nooit op om vir ons om te gee nie. Sy liefde het geen einde nie
Op U ontferming kan ons altyd vertrou. Dit is elke oggend nuut
Ek sê vir myself: My lewe behoort aan die Here, ek kan op Hom vertrou
Die Here is goed vir hulle wat hoop op Hom en vra wat Hy wil hê
Dit is goed om geduldig te wag tot die Here ons red”

Ek som op:

TLU SA se beleidstrukture is realisties oor werklikhede. Dit verg 'n positiewe persoon om konstruktief na oplossings te soek. Ons doel is om landbou te laat leef. In hoe 'n mate daar toegegee moet word aan ideologiese druk wat duidelik tot nadeel van die land en al sy mense gaan strek, is die vraag wat elke boer en ook ander rolspelers vandag eerlik moet antwoord. Hierdie bed wat tans deur die regering vir landbou spesifiek, maar ook vir die breë ekonomie opgemaak word is nie een waarin daar op die lang termyn in geslaap kan word nie. Die werklikheid is dat dit nie net hulle is wat in daardie bed gaan slaap nie, maar ons almal gaan daar land.

Suid-Afrika het nou rasoniese oplossings nodig wat die ekonomiese toets kan slaag. Konstruktiewe en verantwoordelike optrede vanaf al die rolspelers sou kon bou vir die toekoms. Dit moet end-uit ons uitdaging bly om as organisasie, ten spyte van 'n politieke spel wat gespeel word, daardie rol te speel wat nodig is om die landbou-omgewing te stabiliseer.

As jy 1% gegee het, moet jy weet dat jy ingestem het tot 100%. Die ANC vra nie net 1% nie.

Die tyd is nou hier dat boere saamstaan en uit een mond uit sê NEE, GENOEG IS GENOEG.